



## Resensies

- Van der Walt, B.J. 1999. **Die bevrydende krag van 'n Christelike lewensbeskouing en filosofie.** Wetenskaplike Bydraes van die PU vir CHO. Reeks F3: Versamelwerke van die Instituut vir Reformatoriese studie. Nommer 48. Potchefstroom : PU vir CHO.  
(*B. Duvenage*) ..... 293
- Bauswein, J-J. & Vischer, L. *ed.* 1999. **The Reformed family worldwide: a survey of Reformed churches, theological schools and international organizations.** Grand Rapids : Eerdmans.  
(*J.H. van Wyk*) ..... 297
- Joubert, Dina. 1998. **Onlogiese liefde: op pad met my gay kind.** Pretoria : Van Schaik.  
(*P.J. de Bruyn*) ..... 298
- Van Wyk, Schalk. 1998. **My dominee is hopeloos.** Kaapstad : Lux Verbi.  
(*C.J.H. Venter*) ..... 300
- Cilliers, Johan. 1998. **Die uitwysing van God op die kansel. Inspirerende perspektiewe op die prediking – om God te sien en ander te laat sien.** Kaapstad : Lux Verbi.  
(*C.J.H. Venter*) ..... 301





## Resensies

**VAN DER WALT, B.J.** 1999. Die bevrydende krag van 'n Christelike lewensbeskouing en filosofie. Wetenskaplike Bydraes van die PU vir CHO. Reeks F3: Versamelwerke van die Instituut vir Reformatoriese studie. Nommer 48. Potchefstroom : PU vir CHO. 612 p. ISBN 1-86822-316-7.

**Resensent:** *B. Duvenage*

(Departemente Wetenskapsleer en Filosofie, PUCHO – Emeritus)

In hierdie omvangryke publikasie wat getuig van akademiese geskooltheid en rypheid gee die produktiewe skrywer 'n interessante en waardevolle mengsel van die hoofmomente van die voorwetenskaplike Christelike lewensbeskouing en 'n maklik verstaanbare sistematiese uiteensetting van 'n Christelike (reformatoriese) filosofie.

- Na 'n kort oorsig oor die geskiedenis van die Christendom die afgelope 2000 jaar, bied hy in die eerste hoofstuk die hooflyne van die lewensvisie van die Afrikaan vanaf die voor-koloniale tyd tot vandag en toon die noodsaaklikheid aan van 'n Afrika-georiënteerde Christelike lewensvisie.
- Na die omskrywing van wat 'n lewensvisie insluit (hoofstuk 2), volg 'n belangrike hoofstuk (3) oor die verhouding van die Christelike geloof tot ander godsdienste waarin Van der Walt duidelik standpunt inneem teen godsdiensgelykheid en hom wel ten gunste van godsdiensvryheid uitspreek. Hy spreek ook onomwonde kritiek uit teen die fenomenologiese metode wat probeer wegkom van die vraag na wat ware en valse godsdien is. Tog pleit hy tereg vir godsdienstige verdraagsaamheid.
- In hoofstuk 4 gee die skrywer aandag aan God se openbaring in die skepping en in die Skrif en toon aan dat ons verskillende momente van die een openbaring het in die skepping, die Skrif en Christus. Op 'n kernagtige wyse toon hy aan dat die vooronderstelling dat die Bybel die Woord van God is, onmisbaar is vir die verstaan van die Skrif.

- In hoofstuk 5 bied die skrywer ’n vergelyking tussen die reformatoriese lewensvisie en ander Christelike visies en wys veral die twee terreineleer onomwonde af.
- In die slotgedeelte van die hoofstuk gee hy in 18 punte die hooflyne van die reformatoriese visie en gee ’n deugdelike omskrywing daarvan. In ’n sekere sin lei dit tot duplisering wanneer die skrywer later weer die filosofiese mensbeskouing uitlig.

Hoofstuk 6 bevat baie verdienstelike elemente waar die outeur handel oor ideologieë as ontspoorde lewensvisies. Ongelukkig gee hy aan die hedendaagse afgode soos hy dit noem, slegs aandag aan sekularisme, apartheid en die neo-liberale kapitalistiese ideologie van ontwikkeling. Hy wys al drie op sterk prinsipiële gronde af. Tog is sy analyse van die ideologie van apartheid en ontwikkeling soms oppervlakkig. So word byvoorbeeld die Engelse idee van “Native reserves” voor die apartheidera nie genoegsaam in ag geneem nie. Die ongepresiseerde stelling byvoorbeeld dat “die waardes van die tradisionele Afrikakultuur ... nader is aan die Evangeliewaardes as die hedendaagse kapitalistiese ontwikkelingswaardes” is te simplisties.

- Maar dan ontbreek – heel opmerklik – die afwysing van die neo-rassisme soos dit reeds in die “struggle” en in verskillende wette in SA gestalte vind, byvoorbeeld die Wet op Gelyke Indiensneming (wat miskien eers na die skryf van die boek geskep is) en die owerheid se inmenging in sport met sogenaamde kwotas wat ook maar weer op ras gegrond is. Dit gee die indruk dat die outeur nie krities genoeg staan teenoor die revolusionêre elemente in die nuwe “demokrasie” nie.
- In hoofstuk 7 gee die skrywer in populêre trant ’n ontleding van wat filosofie is en pleit vir ’n Christelike Afrikafilosofie.
- ’n Belangrike bydrae is in hoofstuk 8 sy uiteensetting van die reformatoriese werklikheidsleer in aansluiting by Vollenhoven en Dooyeweerd. Hy gee ’n waardevolle ontleding van die wetsidee in die Westerse denke. Die skrywer se uitlopers na die *New Age*-beweging en die Christelike norme is insiggewend.
- In sy Bybelse perspektiewe op die mens (hoofstuk 9) is dit ’n sterk winspunt dat die outeur op grond van die Bybelse perspektief dat die mens beeld van God is, ander mensbeskouings afwys as reduksionisties. Hy belig die verskillende fasette van menswees op so ’n wyse dat dit bruikbaar kan wees ook vir die alledaagse lewe en vir verskillende wetenskappe.

As moontlike kritiekpunt kan tog gestel word dat die mens as antwoordwese ook seker 'n geskikte plek kon vind, veral omdat die skrywer op verskillende plekke die betekenis van die koninkryk van God benadruk. Gevolglik ontbreek 'n deeglike begroning van die roepingsidee wat hy ook later hanteer. Kan ons nie van die skrywer die uitbou van 'n filosofie van die koninkryk verwag nie?

- Hoofstuk 10 handel oor die kultuur en hierin word 'n waardevolle vergelyking getref tussen die Afrikakultuur wat hy as kommunalisme tipeer en die Westerse kultuur wat hy as individualisme aandui. Ongelukkig dra die kategorisering 'n sterk moment van veralgemening.
- In hoofstuk 11 spits hy hom toe op die samelewing en die reformatoriese benadering word telkens in teenstelling met ander samelewingsmodelle gestel. Die verskille wentel veral rondom dié drie terme: amp, gesag en mag. Die skrywer gee breedvoerig aandag aan die reformatoriese samelewingsmodel. Hy noem dit ook 'n “pluralistiese” model (p. 395). Die begrip is egter vatbaar vir misverstand omdat pluralisme meer as pluraliteit (verskeidenheid) impliseer. As dit byvoorbeeld op godsdienste of lewensbeskouings toegepas word, beteken dit gelykwaardigheid en hy wys dit self af.
- Vanaf hoofstuk 12 tot 14 maak die outeur toepassings van hierdie samelewingsmodel op verskillende samelewingskringe.
  - In hoofstuk 12 kom vriendskap, die huwelik, gesin, skool, sakeonderneming en kerk ter sprake. Ten opsigte van die *sakeonderneming* beklemtoon die skrywer tereg die standpunt dat die bedryf 'n gemeenskap van mense is, maar wil miskien te maklike oplossings vir 'n baie ingewikkelder saak aanbeveel – so asof gesagsprobleme opgelos kan word om ook aan die werknemers volle medesegenskap en per implikasie volle beslissingsreg te gee.

Oor die *kerk* maak hy behartigenswaardige opmerkings en bring weer die koninkryksperspektief ter sprake met die beklemtoning van die wêreldwye roeping van die kerk. Maar ook hier word die indruk gewek dat veralgemenend oor die kerk en sy roeping gehandel word. So word die stelling gemaak dat die kerk sy opvoedingstaak “baie dikwels verwaarloos” (p. 463). Sy kritiek is soms so-van-die-kantlyn-af kritiek – byna in 'n onsimpatieke styl.

'n Belangrike en positiewe lyn wat hy trek, is dat strukturele kwaad of sonde ook sterker gekritiseer moet word, naamlik hoe maatskappye omsien na hulle werkgewers en werknemers, hoe owerhede hul amptenare behandel. Hy waarsku teen die “onbybelse humanisme” van die bevry-

dingsteoloë (p. 469) maar ook teen evangeliese Christene wat nie sosiale geregtigheid bevorder nie.

- In hoofstuk 13 behandel die skrywer breedvoerig vraagstukke rondom *owerheid en onderdaan* en begin met Skrifstudie daaroor. Op verantwoordelike wyse hanteer hy die vraagstuk van verzet teen die owerheid wat gewelddadig mag wees as laaste uitweg en wel onder sekere voorwaardes (p. 502). In sy paragraaf oor “’n Christelike visie op politiek in die nuwe Suid-Afrika” kies hy vir die standpunt dat ’n Christen betrokke moet wees” met die bedoeling om die politieke bestel te “hervorm en te vernuwe”. Verder pleit hy vir “krities-konstruktiewe betrokkenheid” (p. 508) wanneer dit gaan oor die verhouding van religie en politiek. Hy waarsku dat demokrasie nie oorskakel moet word nie (p. 510) asof dit outomaties goeie regering waarborg. Hy waarsku teen tirannie en totalitarisme as God se wet nie in ag geneem word nie. Hy wys die huidige regering se verpolitiserings van die samelewing af (p. 522).
- Hoofstuk 14 gee aandag aan “’n Christelike universiteit en Christelike wetenskapsbeoefening”. Hierin kom onder andere die verhouding van teologie en filosofie aan die orde.

Hy gee sy standpunt weer oor ’n toekomsblik van ’n nuwe identiteit van die PU vir CHO as ’n vrye, Christelike Afrika-universiteit. Hy pleit vir ’n verandering in gesagstrukture en besluitnemingsprosesse (p. 560), met behoud van die outonomie met ’n multikulturele inslag op ’n vrywillige basis. Ook “konfessionele pluralisme” moet as beginsel aanvaar word (p. 566) en tog wil hy ook die “Christelike identiteit radikaliseer” (p. 568). Bedoel hy nie “pluraliteit” nie?

By die behandeling van wetenskapsbeoefening gee hy duidelik plek aan die “kenfilter” wat ’n rol speel en by Christelike wetenskapsbeoefening noem hy dan vyf momente, naamlik die kenner, die kenfilter (Christelike lewensvisie, filosofie, vakfilosofie en vakteorie), die werklikheid wat bestudeer word, die beïnvloeding deur God se drieërlei openbaring van die kenner se denke, kenfilter en kenveld. Ten slotte dan die kenresultaat (p. 584).

- In sy slothoofstuk stel die outeur die Christendom se sterk en swak punte in die nuwe Suid-Afrika en noem dan tien agendapunte op pad na ’n nuwe Christendom: “’n oortuigde, integrale, betrokke, ekumeniese, koninkryks-, radikale, normatiewe, Afrika-, visionêre en sosiale Christendom.”
- *Opsommenderwys*: Dié omvangryke werk is die produk van diep besinning oor die reformatoriese siening oor lewensvisie en filosofie en moet ’n

belangrike plek vul in die jonger publikasies in hierdie verband. Die outeur het inderdaad probeer om 'n "olifant in 'n sardiensblik" te druk, ongelukkig met heelwat herhaling.

Hoewel dit by kundiges op die vakgebied die indruk kan skep dat weinig oorspronklik gebied word – behalwe vir die aksent wat hy plaas op Afrikanisering – en hoewel die skrywer soms bietjie beterweterig oorkom, lê die waarde van die boek daarin dat 'n wye verskeidenheid temas prinsipieel benader word en as prikkel dien vir verdere besinning en implementering. Eietydse problematiek word nie gesystap nie, maar deur 'n reformatoriese kenfilter aangespreek.

Die feit dat die boek in populêre styl aangebied word, maak dit toeganklik – nie slegs vir studente en dosente nie – maar ook vir Christene wat hul plek in die samelewing moet volstaan; selfs vir Christene uit die nie-Westerse wêreld.

Sy pleidooi vir vernuwing in die uitlewing van Christelike norme oor die hele spektrum van die samelewing maak die boek des te belangriker. Met groot vrymoedigheid wil ons die boek aanbeveel.

Die tegniese afwerking van die boek is goed met min skryf- en spelfoute (p. 460: oorskryding en oorskrei). Ongelukkig ontbreek bladsye 481 tot 496 in die geresenseerde eksemplaar.

**BAUSWEIN, J-J. & VISCHER, L. ed.** 1999. *The Reformed family worldwide: a survey of Reformed churches, theological schools and international organizations*. Grand Rapids : Eerdmans. 740 p. Prys: R351,95. ISBN 0-8028-4496-0.

**Resensent:** *J.H. van Wyk*

(Skool vir Kerkwetenskappe, PUCHO)

Hier het ons (na my wete) vir die eerste keer 'n baie handige en redelik volledige naslaanwerk ten opsigte van die gereformeerde tradisie in die wêreld.

Hoofstuk 1 is deur Lukas Vischer geskryf en handel oor drie aspekte: eerstens oor die groot verskeidenheid name wat in die gereformeerde tradisie aangetref word (byvoorbeeld gereformeerd/hervormd, presbiteriaans, kongregasionalisties, evangelies, Protestants, fundamentalisties ensovoorts); tweedens word 'n historiese oorsig van die gereformeerde tradisie in die wêreld gegee en derdens word 'n opsomming gebied van die hoofkenmerke van die gereformeerde tradisie.

Hoofstuk 2 bied 'n volledige lys van gereformeerde kerkgemeenskappe wêreldwyd, alfabeties gerangskik volgens die lande waar die verskillende kerke voorkom.

Hoofstuk 3 bevat 'n uitgebreide lys van teologiese opleidingsinrigtings oor die wêreld.

Hoofstuk 4 noem die name van nagenoeg alle internasionale gereformeerde organisasies.

Hoofstuk 5 bevat informasie oor kerkverenigings asook eenheidsgesprekke met ander kerkgemeenskappe.

Hoofstuk 6 noem die name van medewerkers van die boek, onder andere twee uit Suid-Afrika, naamlik W.A. Saayman en A. van Wyngaard.

Hoofstuk 7 bevat 'n reeks uitgebreide kaarte wat naslaan baie vergemaklik.

Dit is uit die inhoud baie duidelik dat ons hier met 'n baie nuttige naslaanwerk te doen het en dat die samelstellers groot moeite gedoen het om die informasie so deeglik moontlik in te samel.

Tog is daar hier en daar 'n teleurstelling. Terwyl baie meer informasie van jonger en kleiner kerkgemeenskappe in Suid-Afrika verskaf word, word slegs vier reëls aan die GKSA gewy. Hierdie vier reëls is egter nie net hopeloos onvolledig nie (binne konteks) maar ook totaal eensydig. Nuwere ontwikkelings is glad nie verreken nie. Die persepsie word geskep dat die Gereformeerde Kerke in Suidelike Afrika 'n kerkgemeenskap is waar eksklusivisme aan die orde van die dag is.

As handige naslaanwerk, en 'n boek wat brûe kan bou tussen die (verskeurde) gereformeerde kerke oor die wêreld, lewer dit egter 'n baie waardevolle bydrae.

**JOUBERT, Dina.** 1998. *Onlogiese liefde: op pad met my gay kind.*  
Pretoria : Van Schaik. 77 p. Prys: R34,95. ISBN 0 627 02360 6.

**Resensent:** *P.J. de Bruyn*  
(Skool vir Kerkwetenskappe, PUCHO)

“Hierdie storie is die waarheid.” So word in 'n naskrif aan die einde van die boek gesê. Wat in hierdie boek gebied word, is dan ook 'n stukkie van Dina Joubert, 'n predikantsvrou, se outobiografie. Dit is dié deel wat betrekking het op die



ontdekking dat haar seun homoseksueel is en haar hantering van sy homoseksualiteit. Op deerniswekkende wyse beskryf sy hoe haar seun se homoseksualiteit vir haar 'n werklikheid geword het: hoe sy daarvoor met God geworstel het (p. 29); hoe dit haar by geleentheid fisies naar gemaak het en laat voel het asof sy hallusineer (p. 31). Dit alles laat by 'n mens die indruk dat hier nie iemand aan die woord is wat teoreties oor homoseksualiteit filosofer, maar van die werklikheid daarvan nie veel weet nie; intendeel, hier praat iemand wat die pad tree vir tree saam met haar seun geloop het. Self het sy in die proses beweeg van 'n paradigma waarin homoseksualiteit beslis afgewys is na een waarin daar plek is vir aanvaarding en ook vir goedkeuring van homoseksualiteit (p. 59).

Dit is egter juis ten opsigte van laasgenoemde aspek waar 'n Christen probleme kry met Joubert se uiteensetting. Soos sekere ander persone probeer sy ook om die gedeeltes in die Skrif waarin homoseksualiteit verbied word, so te verklaar dat die verbod vir die hedendaagse mens opgehef word.

So verwys sy na Matteus 19:12 waar Christus sê: “Daar is mense wat nie kan trou nie omdat hulle van geboorte af so is”. Hierdie uitspraak van Christus sou dan volgens haar ook betrekking kan hê op homoseksueles. Volgens bykans alle Skrifverklaarders van aansien het hierdie woorde van Matteus egter betrekking op mense met 'n liggaamlike afwyking wat tot gevolg het dat hulle nie tot geslagsgemeenskap in staat is nie. So is dit bekend dat 'n seuntjie wie se liggaam deur die Klinefelter-sindroom aangetas is, se geslagorgane nie ontwikkel nie. Tans is daar medikasie daarvoor, maar in die verlede was daar nie.

Bowendien, as 'n mens genoemde uitspraak van Christus binne die konteks van die hele perikoop van Matteus 19:1-12 lees, dan wil Christus daarmee juis sê dat geslagsgemeenskap slegs binne die wettige huwelik van man en vrou mag plaasvind en nêrens elders nie.

Joubert aanvaar ook Hendrik Pretorius se verklaring van Levitikus 20:13 en 18:22 en Romeine 1:26-27 wat tot gevolg het dat die verbod op homoseksualiteit wat in hierdie tekste gevind word, opgehef word. Maar Pretorius se verklaring, wat hy weer van andere oorgeneem het, is al by herhaling as onwetenskaplik verwerp.

In hierdie verband kan ook verwys word na die proefskrif van P. Pronk. – *Tegennatuurlijk? Typen van morele argumentatie inzake homoseksualiteit* (1989). Hierdie titel sluit baie nou aan by Romeine 1:26 en 27. Pronk en sy promotor, prof. H.M. Kuitert, is uitgesproke ten gunste van die afskaffing van alle diskriminasie teen homoseksueles, veral in die kerk. Indien daar dus die geringste moontlikheid was om te toon dat die Skrifuitsprake oor homoseksualiteit slegs tyd- en kultuurgebonde was en nie bedoel het om homoseksuele praktyke vir altyd te verbied nie, sou hulle dit met albei hande aangegryp het. Tog bring Pronk

se navorsing hom tot dié duidelike konklusie: “De bijbelschrywers wijzen elk homoseksueel verkeer ondubbelzinnig af; al vormt het als onderwerp slechts een marginaal tema, het is wel een telkens weerkerend tema, en nergens wordt een direct aanknopingspunt geboden voor een positiewere visie” (p. 250). Maar dan gaan Pronk self heen en verwerp die Skrif as norm vir die bepaling van goed en kwaad, en stel in die plek van die Skrif ’n selfgemaakte norm, naamlik onderlinge samesprekings van mense (“morele beraad”).

Vir persone wat wil verstaan wat ouers deurmaak as hulle besef dat hulle kind homoseksueel is, kan Joubert se boek waardevol wees. Die oplossing wat sy vir die probleem bied, is egter nie aanvaarbaar nie.

<p><b>Van Wyk, Schalk. 1998.</b> My dominee is hopeloos. Kaapstad : Lux Verbi. 116 p. Prys: R35,50. ISBN 86997 736 9.</p>
---

**Resensent:** *C.J.H. Venter*

(Vakgroep Praktiese Teologie, PU vir CHO)

Die outeur van hierdie publikasie is self ’n predikant en dus goed bekend met die wel en wee – en met die kritiek op die predikant. Op populêre, maar tog goed gefundeerde wyse behandel die outeur in hierdie boek onder andere die volgende sake: die wêreld se invloed op die kerk, die Here en sy dienaars, die gemeente en die Here se dienaars en ook die belangrike aspek van die dominee se weerloosheid as ’n getuienis.

Die oorheersende indruk van hierdie werk is dié van eerlike, openlike gesprek met die dominee, maar dan as lidmaat wat self al die brandpyn gevoel het van (soms) ongeregverdigde kritiek.

Die styl is boeiend en die taal en tegniese versorging is goed. Hierdie boek kan dominee en lidmaat help op die pad van selfinsig en van gesprek met mekaar.

**Cilliers, Johan. 1998.** Die uitwysing van God op die kansel. Inspirerende perspektiewe op die prediking – om God te sien en ander te laat sien. Kaapstad : Lux Verbi. 154 p. ISBN 0 68997 778 4.

**Resensent:** *C.J.H. Venter*

(Vakgroep Praktiese Teologie, PU vir CHO)

Hierdie werk is 'n vervolg op Johan Cilliers se vorige boek: *Die uitwysing van God op die kansel*. In sy vorige werk het hierdie skrywer daarop gewys hoedat predikers God meermale uitwis op die kansel deur onder andere moralistiese, wettiese prediking. In hierdie werk toon hy aan hoe die prediker God vir die gemeente moet uitwis (= laat sien) in sy preke. In hierdie proses behandel Cilliers aspekte soos die volgende: om die onsienlike God te sien (hfst. 2), deur die bril van die Skrif ... (hfst. 3), met verhelderde Geestesoë ... (hfst. 4), en in hoofstuk 5 wy hy aandag aan die perspektief dat ons saam met ander mense “ooggetuies” is van die onsienlike God in die prediking.

Die sentrale lyn dwarsdeur hierdie boek is dat die prediker God nie net moet “sien” nie, maar inderdaad ook aan die woord moet laat kom in die prediking. Vir hierdie sentrale aksent verdien die outeur dank.

Wat weereens in hierdie publikasie opvallend is, is dat die skrywer Afrikaans vaardig, metafories en verhelderend hanteer. So open hy soms verrassende perspektiewe.

Dit is verrykend om die boek te bestudeer.